# Menaion April 1-10 Tesame PDF

## Menaion April 1 Die Heilige Maria die Egiptenaar

## Die Veranderlike vir die Vesperdiens

By “Heer, ek het U aangeroep…” sing ons die volgende stigiere:

Toon 6 (Ὅλην ἀποθέμενοι)

Die voortslepende bevlekking van jou vroeëre besoedeling
het jou verhinder om die Heilige te aanskou,
maar jou insig en die bewussyn van wat jy gedoen het,
het jou bekering na wat beter is, bewerk, o Godgesinde,
want toe jy opkyk na die ikoon van die geseënde diensmaagd van God,
het jy al jou vroeëre misstappe erken, o Algepresene,
en met vrymoedigheid die kosbare Kruishout vereer.

Ná jy die heilige plekke vol vreugde vereer het,
het jy jou, met die verlossende proviand van die deug toegerus,
gretig gehaas om daarvandaan op die skone tog te vertrek.
Jy het oor die Jordaan-rivier getrek,
en moedig in die woonplek van die Doper gewoon.
Deur jou lewenswyse het jy die wilde krag van die hartstogte getem
en die opstandigheid van die vlees onverskrokke platgeslaan,
o ewig-gedenkwaardige Moeder.

Deur jou verblyf in die woestyn
het jy die beelde van die hartstogte in jou siel uitgewis,
en die beeld van God wat in die gestaltes van die deugde bestaan,
afgedruk op jou siel.
Jy het so met lig gestraal
dat jy ligvoets oor die water kon loop,
en tydens jou gebede tot God bo die grond gesweef het.
Nou dat jy by Christus staan, alroemryke Maria,
smeek met vrymoedigheid vir ons siele.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Theotokion – Toon 6

“Die bruilof van die hemelse Bruidegom is voorberei,” roep die boodskappers.
Waarom talm jy gewillig, my swarte siel?
Waarlik, alles van jou is vuil,
jou klere is dié van vleeslikheid,
so hoe gaan jy binnegaan, ellendeling?
Kom, val neer en roep voor die einde uit jou hart tot die Immermaagd:
“Sprinkel my met die hisop van u gebede, o Reine,
reinig my en maak my waardig vir die bruilofsaal, sodat ek u mag verheerlik.

Of die Kruistheotokion (op Dinsdag- en Donderdagaande) – Toon 6

“Die regters van Israel het U veroordeel
tot ’n oordeel wat die dood meegebring het, my Seun,
waar hulle U soos een wat veroordeel moet word,
voor ’n regbank laat staan het, o Heiland,
U wat die lewendes en die dooies oordeel,
en hulle bring U voor Pilatus en veroordeel U voor die uitspraak.
O die wetteloses!
En by die aanskoue daarvan word ek verwond en saam met U veroordeel, o Heer.
Daarom is ek van oordeel dat dit beter is om te sterf as om te lewe,”
het die Theotokos uitgeroep, o enige wat ryk aan barmhartigheid is.

Maar as die fees op ’n Saterdag tydens die Groot Vastyd val, sing ons die volgende op die Vrydagaand:

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees.

Doksastikon - Toon 2

Die strikke van die siel
en die hartstogte van die vlees
het jy weggesny met die swaard van onthouding
Die sondige voorstellings het jy verstik deur die asketiese swye;
en met die strome van jou trane
het jy die dorre woestyn besproei,
en vir ons vrugte van berou voortgebring.
Daarom o, gewyde Maria,
vier ons vol liefde jou gedagtenis.

Nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Theotokion – Toon 2 (Ὅτε, ἐκ τοῦ ξύλου σε νεκρὸν)

Ek kreun uit die dieptes van my siel, o Maagd,
wanneer ek aan my oortredinge dink.
Ek slaan op my bors terwyl ek uitroep:
“Ek het gesondig, en ek val voor u neer, o Meesteres,
in my strewe om berou te hê.
En weer word ek deurboor en is ek verdwaas.
Wee my, vanweë my slegte gewoonte!
Verlos my daarom gou daarvan
en lei my na die heil.

Apostiga

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

## Theotokion – Toon 6 (Ὅλην ἀποθέμενοι)

“Die bruilof van die hemelse Bruidegom is voorberei,” roep die boodskappers.
Waarom talm jy gewillig, my swarte siel?
Waarlik, alles van jou is vuil,
jou klere is dié van vleeslikheid,
so hoe gaan jy binnegaan, ellendeling?
Kom, val neer en roep voor die einde uit jou hart tot die Immermaagd:
“Sprinkel my met die hisop van u gebede, o Reine,
reinig my en maak my waardig vir die bruilofsaal sodat ek u mag verheerlik.

## Of die Kruistheotokion (op Dinsdag- en Donderdagaande)

## Toon 6 (Ὅλην ἀποθέμενοι)

“Die regters van Israel het U veroordeel
tot ’n oordeel wat die dood meegebring het, my Seun,
waar hulle U soos een wat veroordeel moet word,
voor ’n regbank laat staan het, o Heiland,
U wat die lewendes en die dooies oordeel,
en hulle bring U voor Pilatus en veroordeel U voor die uitspraak.
O die wetteloses!
En by die aanskoue daarvan word ek verwond en saam met U veroordeel, o Heer.
Daarom is ek van oordeel dat dit beter is om te sterf as om te lewe,”
het die Theotokos uitgeroep, o enige wat ryk aan barmhartigheid is.

## Apolitikion - Toon 8 (Ἐν σοὶ μῆτερ ἀκριβῶς)

In jou, o Moeder, is die beeld van God waarlik bewaar,
want jy het die Kruis opgeneem en Christus gevolg.
So het jy ons geleer om die verganklike vlees te veronagsaam,
maar om te sorg vir die siel, wat onsterflik is.
Daarom, o heilige Moeder Maria,
is jou gees verheug saam met die Engele.

**April 1 - Die Veranderlike vir die Mettediens**

Ná die Derde Ode van die Kanon (wat nog vertaal moet word)

Kathisma - Toon 8 (Τὴν Σοφίαν καὶ Λόγον)

Al die opstande van die vlees het jy deur asketiese inspanning beteuel,
en so die manmoedige gesindheid van jou siel getoon,
want omdat jy verlang het om die Kruis van die Here te aanskou, o Besongene,
het jy jouself in heiligheid vir die wêreld gekruisig.
Daarom het jy jou ywerig aangespoor
om die Engele se lewenswyse na te volg, o Alsalige.
Daarom vier ons getrou jou gedagtenis, Maria,
terwyl ons vra dat ons deur jou gebede
die vergifnis van oortredinge ryklik geskenk mag word.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Theotokion – Toon 8 (Τὴν Σοφίαν καὶ Λόγον)

Ek is vasgeval in die slyk van die sonde,
en daar is geen standvastigheid in my nie.
Want ’n vlaag van oortredinge het my oorweldig.
Maar sien my aan, o Maagd wat die enig mensliewende Woord gebaar het,
en red my van al my sonde en sielsvernietigende hartstogte
en al die sielsvernietigende boosheid van die aaklige vyand,
sodat ek met vreugde mag sing:
“Bid tot u Seun en God, o Onbevlekte,
om vergifnis van oortredinge te skenk
aan hulle wat met geloof hul toevlug tot u beskutting neem.”

Of die Kruistheotokion (op Woensdag- en Vrydagoggende)

Toon 8 (Τὴν Σοφίαν καὶ Λόγον)

Toe die Ooilam die Lam en Herder en Verlosser sien,
waar Hy onregverdig aan die Kruis hang,
het sy met geweeklaag uitgeroep:
“Wee my, my liefste Kind!
Wat is hierdie allergrootste, vreeswekkende en vreemde misterie wat ek aanskou?
Ek is innerlik verwond, ek het nie krag om te kreun nie
en ek kan dit nie verduur om U dood te sien nie.
Maar, o Meester en Heer, betoon medelye aan die sugte van ’n Moeder
en vervul my met vreugde, soos U gesê het,
deur op te staan uit die graf,
as Almagtige God.”

Kontakion - Toon 3 (Ἡ Παρθένος)

Jy wat eens deur allerhande vorme van ontugtige dade vervul was,
is nou deur berou die bruid van Christus.
Vol verlange na die lewenswandel van Engele,
het jy die demone oorwin met die wapen van die Kruis.
Daarom het jy, o roemryke Maria,
nou verskyn as die bruid van die Koning.

Ikos

Met gesange prys ons jou nou as lam en dogter van Christus,
o albesonge Maria,
skepsel wat uit die Egiptenare voortgebring is,
maar al hul dwalinge ontvlug het
en as kosbare spruit op edele wyse aan die kerk opgedra is,
ná jy met onthouding en gebed bo die maat van die menslike natuur askese beoefen het.
Daarom is jy vanweë jou lewe en optrede deur Christus verhef, o al-eerwaardige Maria,
en is jy openbaar as ’n bruid van die Koninkryk van die Hemel.

Sinaksarion

Op die 1ste van vandeesmaand die Gedagtenis aan ons Heilige Moeder Maria die Egiptenaar

Verse. Haar gees het vertrek, haar vlees het lankal vergaan.
O aarde, bedek die beendere, die lyk van Maria.

Op die 1ste April het Maria, die roem van die woestyn, gesterf.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan ons Heilige Vader en Belyer Makarios, Ab van die klooster van Pelekete.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die Heilige Martelare Gerontius en Basilides.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die Heilige en Regverdige Agas.

Deur hul heilige gebede, o God, ontferm U oor ons. Amen.

Die res van die Mettediens en die Wegsending.

**Menaion April 2 Ons Heilige Vader Titus die Wonderdoener**

**Die Veranderlike vir die Vesperdiens**

By “Heer, ek het U aangeroep….” sing ons die volgende stigiere.

Toon 8 (Ὢ τοῦ παραδόξου θαύματος)

Ons Godgesinde Vader Titus,
jy het jou Kruis gedra,
Christus gevolg en al die hartstogte aan jou siel onderwerp,
en daarom het jy genade van Bo ontvang
om die hartstogte te genees,
siektes te laat ophou en geeste te verdryf
van hulle wat hul tot jou haas.
Daarom vier ons feestelik jou gedagtenis.

Ons alsalige Vader Titus,
in jou toewyding deur asketiese stryd gereinig
en in jou gees verlig deur deelname aan die Goddelike,
het jy waarlik die alheilige salwing van die priesterskap
met die goedkeuring van die Goddelike Gees ontvang,
en het jy soos ’n engel
jou God en Skepper op aarde voortreflik gedien.

O Regverdige Titus deur God geïnspireer,
met jou siel stralend met die lig van die Ortodoksie,
het jy die newel van duister kettery kleiner gemaak
en ná jy soos ’n stralende ster opgegaan het,
verlig jy altyd die eindes van die aarde
met jou ligbringende wonderwerke.
Daarom eer ons almal jou getrou en noem ons jou salig.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Theotokion – Toon 8 (Ὢ τοῦ παραδόξου θαύματος)

Met watter oë sal ek u skone gelaat aanskou,
ek wat my vleeslike oë deur die hartstogte besoedel het?
Of veelmeer, hoe sal ek, die losbandige, met my onrein lippe
u ikoon wat die Goddelike gelykenis dra, soen?
En hoe sal ek wat met skuld belaai is,
my hande wat ek nutteloos gemaak het,
na u Goddelike genade uitstrek?
O Meesteres, red my.

Of die Kruistheotokion (op Dinsdag- en Donderdagaande)

Toon 8 (Ὢ τοῦ παραδόξου θαύματος)

O Jesus, die son het gesidder
toe dit U uit vrye wil aan die Kruis uitgestrek sien,
die aarde het geskud, die rotse het geskeur,
die grafte het in vrees oopgegaan, al die magte was verbaas,
en sy wat U sonder ervaring van ’n man gebaar het,
het, toe sy U aanskou, met geweeklaag uitgeroep:
“Wee my, wat is die gesig?”

Apolitikion – Toon 8 (Ἐν σοὶ Πάτερ ἀκριβῶς)

In jou, o Vader, is die beeld van God volkome bewaar,
want jy het die Kruis opgeneem en Christus gevolg.
So het jy ons geleer om die verganklike vlees te veronagsaam,
maar om te sorg vir die siel, wat onsterflik is.
Daarom, o Heilige Vader Titus,
is jou gees verheug saam met die Engele.

**April 2 - Die Veranderlike vir die Mettediens**

Kathisma ná die Derde Ode van die Kanon (wat nog vertaal moet word)

Toon 4 (Ταχὺ προκατάλαβε)

Deur die strome van jou trane, o wyse,
het jy soos 'n boom wat immer uitswel,
ryklik vrugte van geregtigheid laat ontspruit.
Daarom kom ons byeen en eer ons jou tereg,
o Titus wat wonders doen, sieraad van askete,
maar behoed ons almal deur jou smekinge.

Toon 4 (Ἐπεφάνης σήμερον)

Ná jy die warboel van die lewe versaak
en heel jou lewe stil deurgebring het, o wyse,
het jy na God oorgegaan,
ons Heilige Vader wat wonders doen.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Theotokion – Toon 4 (Ἐπεφάνης σήμερον)

Ons neem almal ons toevlug tot u beskutting,
en vra u dringend, o onbevlekte Maagd:
Hou nie op om tot die Mensliewende te bid nie,
dat u dienaars gered mag word.

Of die Kruistheotokion (op Woensdag- en Vrydagoggende)

Toon 4 (Ἐπεφάνης σήμερον)

O Meester, toe die Ooilam, u Moeder,
U aan die Kruis uitgestrek sien,
het sy moederlik gejammer en tot U uitgeroep:
"My Kind, ek besing u onsegbare barmhartigheid."

Sinaksarion

Op die 2de van vandeesmaand die Gedagtenis aan ons Heilige Vader Titus.

Verse. En dit, Titus? Versaak ook jy die lewe?
Ek versaak dit en gaan heen om eer aan die Here te gee.

Op die 2de het die geestelike wesens Titus se siel weggeneem.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die Heilige Martelare en broers Amfianos en Aidesios.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die Heilige Maagd en Martelares Theodora.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die Heilige Martelaar Polikarpus.

Deur hul heilige gebede, o God, ontferm U oor ons. Amen.

**Menaion April 3 Ons Heilige Vader Niketas die Belyer, ab van die Klooster van Medikion**

**Die Veranderlike vir die Vesperdiens**

Stigiere van die Heilige - Toon 2 (Ὅτε, ἐκ τοῦ ξύλου σε νεκρὸν)

Deur die Woord gerig, o Godgesinde,
is jy as heilige bestuurder van siele en getroue geestelike leier bewys,
wat heilbrengende sade saai en koringare met 'n groot opbrengs oes,
en dit met vreugde na jou Meester bring.
Waar jy nou by Hom staan, o salige deur God geïnspireer,
dink aan hierdie kudde van jou wat jou altyd eer.

Van nature sagmoedig en vriendelik,
is jy as ywerige vegter vir die Ortodoksie geopenbaar.
Want deur jou met geloof as borswering te omhul
en met selfbeheersing as spies, o Godgesinde Niketas,
het jy die hele godslasterlike kettery weerlê,
terwyl jy die heilige ikoon van die Verlosser hoog ag en eer,
in duidelike navolging van die vaders se omskrywings, o Godgesinde.

Toe die allerduistere tiran met die wreedheid van wilde diere
jou in bitter ballingskappe en die donkerste plekke toegesluit het,
het jy dit verduur, o salige Vader,
daar jy die Paradyswoning in jou denke rondgedra
en jou in die gees verheug het.
Nou is jy waarlik waardig geag om die majesteit daarvan te aanskou,
daar jy so die beloning van jou smarte oes.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Theotokion – Toon 2 (Ὅτε, ἐκ τοῦ ξύλου σε νεκρὸν)

Ek kreun uit die dieptes van my siel, o Maagd,
wanneer ek aan my oortredinge dink.
Ek slaan op my bors terwyl ek uitroep:
"Ek het gesondig, en ek val voor u neer, o Meesteres,
in my strewe om berou te hê.
En weer word ek deurboor en is ek verdwaas.
Wee my, vanweë my slegte gewoonte!
Verlos my daarom gou daarvan
en lei my na die heil.

Of die Kruistheotokion (op Dinsdag- en Donderdagaande)

Toon 2 (Ὅτε, ἐκ τοῦ ξύλου σε νεκρὸν)

Die son het hom met duisternis beklee, o Heiland,

toe dit U aan ’n Kruishout sien hang,
die onderaardse het gevrees,
die dooies het opgestaan, die rotse het geskeur
en al die hemelse wesens was verbaas,
maar die onbevlekte Jonkvrou het by die Kruis gestaan en ween,
terwyl sy U besing, o Mensliewende.

## Apolitikion van die Heilige Niketas – Toon 8

Gids van die Ortodoksie, leermeester van reggelowigheid en heiligheid,
ligbaken van die wêreld, o wyse Niketas
God-geïnspireerde sieraad van monnike,
deur jou leerstellinge het jy almal verlig, o harp van die Gees.
Bid tot Christus God dat ons siele gered mag word.

**April 3 - Die Veranderlike vir die Mettediens**

Kathisma ná die Derde Ode van die Kanon (wat nog vertaal moet word)

Toon 4 (Ταχὺ προκατάλαβε)

Jy het in die berge van stilte gewoon
en in stede van selfbeheersing is jy opgevoed.
Duidelik deur beide verhef,
het jy die lewenswyse van aardse genot versaak
en die huis van jou hemelse woning bereik,
waar jy by God vir ons pleit.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Theotokion - Toon 4 (Ταχὺ προκατάλαβε)

In my denke deur my baie oortredinge verduister,
roep ek, die losbandige, om u betroubare hulp.
Verlig die oë van my siel, o Theotokos,
bestraal my met die baie helder lig van bekering
en beklee my met die wapens van die lig, o Al-onskuldige.

Of die Kruistheotokion (op Woensdag- en Vrydagoggende)

Toon 4 (Ταχὺ προκατάλαβε)

Toe u onbevlekte Moeder U aan die Kruis verhef sien, o Woord van God,
het sy moederlik geweekla en gesê:
“Wat is hierdie nuwe en vreemde wonder, o my Seun?
Hoe het U, die lewe van almal, gemeenskap met die dood?
Daar U goedhartig is,
wil U uit vrye wil die gestorwenes lewend maak.”

Sinaksarion

Op die 3de van vandeesmaand die Gedagtenis aan ons Heilige Vader Niketas die Belyer, Ab van die Klooster van Medikion.

Verse. Uit die lewe bevry, soos ’n mossie uit ’n wip,
vlieg Niketas op noëtiese wieke na die hemel.

Op die 3de roep hulle Niketas na die Huis van God.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan ons Heilige Vader Josef die gesangdigter.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die Heilige Martelaar Elpidoforus.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die Heilige Martelaar Dius.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die Heilige Martelaar Bithonius.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die Heilige Martelaar Galikus.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan ons Heilige Vader Illyrius van die berg Mirsinon.

Op dieselfde dag die Heilige Nuwemartelaar Paulus die Rus, die vryslaaf, wat in 1683 in Konstantinopel as martelaar getuienis afgelê het en deur die swaard vervolmaak is.

Deur hulle gebede, o God, ontferm U oor ons en red ons.

**Menaion April 4 Ons Heilige Vader Joris van Maleon**

**Die Veranderlike vir die Vesperdiens**

Toon 2 (Ὅτε ἐκ τοῦ ξύλου σε)

Volkome en vurig aan Hom toegewy, o Vader,
is jy met jou hele siel met die alsiende God verenig,
en het jy die heilige vrugte van die Gees verbou,
naamlik stilte, selfbeheersing, liefde,
hoop, lankmoedigheid en sagmoedigheid
en op verhewe wyse het jy, o Vader,
geloof en goedheid as die weg
vir die reis na bowe aangedui.

Daar die genade van die Gees gewoon het in jou,
wat so baie rein en sagmoedig was,
het dit jou met alle vorme van deug getooi
en jou met allerlei genadegawes laat skyn, o Vader.
Daarom is jy in ooreenstemming met jou naam
as landbouer van Christus bewys
en het jy verstandig die vore van jou verstand bewerk,
o bewonderenswaardige Joris.

Vreugdevol vanweë jou hoop op die toekomende goeie dinge,
het jy meer geredelik jou smarte verduur, o alwyse Vader,
en jou vurig uitgestrek na wat voorlê,
terwyl jy wat agter is, vergeet,
totdat jy jou salige einde bereik het,
en vervul met die werke van die deugde,
het jy, Heilige Joris, die Goddelike saligheid bekom.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Theotokion – Toon 2 (Ὅτε ἐκ τοῦ ξύλου σε)

Verheug u, waaragtige troon van God en setel van die Koning.
Verheug u, ark van die lewe.
Verheug u, onuitputlike bron van heiliging,
salfhouer van die Gees en vreugde van die Paradys.
Verheug u, mistieke behae van siele.
Verheug u, vreugde van die Heiliges.
Verheug u, blydskap van almal wat hul tot u haas, o bruid van God.

Of die Kruistheotokion (op Dinsdag- en Donderdagaande)

Toon 2 (Ὅτε ἐκ τοῦ ξύλου σε)

Terwyl sy met weeklagte op haar bors slaan
en met bitter trane haar gesig besprinkel,

het die onskuldige Ooilam na die Kruishout gestaar,
haar hande uitgestrek en uitgeroep:
“O my Seun, waarheen sal ek nou gaan?
Wie sal ek my Seun noem?
O wee! Hoe is ek alleen agtergelaat, my Kind!
Hoe is my lig verduister!
O my binneste, skeur oop en word verflenterd!”

## Apolitikion – Toon 8

Met die strome van jou trane het jy die onvrugbare woestyn bewerk,
en deur jou sugte uit die diepte het jy jou arbeid honderdvoudig vrug laat dra.
So het jy, ons Heilige Vader Joris, ’n ster geword
wat die wêreld deur jou wonders verlig.
Bid tot Christus ons God dat ons siele gered mag word.

**April 4 - Die Veranderlike vir die Mettediens**

Kathisma ná die Derde Ode van die Kanon (wat nog vertaal moet word)

Toon 3 (Τὴν ὡραιότητα)

Jy het na die allerskone Christus verlang,
die hartstogte van die liggaam gehaat
en soos ’n engel op aarde gelewe, o Joris.
Daarom vier ons jou heilige ontslaping
en omhels ons jou reliekekis, o Vader,
waaruit jy vir ons wat jou met liefde eer,
genesing laat opwel.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Theotokion – Toon 3 (Τὴν ὡραιότητα)

Die hemelse dinge het hulle met vrees verheug
en die aardse hulle met liefde verbly,
toe die vleklose stem tot u gekom het, o Theotokos.
Want dit het een fees vir beide geword,
toe dit die eers-geskapene uit die dood verlos het.
Daarom roep ons saam die Engel:
Verheug u, Begenadigde.

Of die Kruistheotokion (op Woensdag- en Vrydagoggende)

Toon 3 (Τὴν ὡραιότητα)

Toe u reine Moeder wat geen ervaring van die huwelik het nie,
U dood aan die Kruis sien hang, o Christus,
het sy moederlik geween en gesê:
“Hoe het die wettelose en ondankbare gepeupel van die Hebreërs
wat u vele groot gawes geniet het, U vergeld, o Barmhartige?
Ek besing u Goddelike selfvernedering.”

Sinaksarion

Op die 4de van vandeesmaand die Gedagtenis aan ons Heilige Vader Joris van Maleon.

Verse. Joris het sy siel met graagte gegee
vir die Verbouer en Planter van siele en liggame.

Op die 4de het Joris na die ruime hemel heengegaan.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die Heilige Martelare Theodoulos en Agathopus.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die Heilige Martelares Fewroetha, haar diensmeisie en haar gevolg.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan ons Heilige Vader Publius

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan ons Heilige vader Plato, Ab van die klooster van Stoudion.

Op dieselfde dag is die drie Heiliges, Theonas, Simeon en Ferwinos, in vrede vervolmaak.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan ons Heilige Vader Zosimas wat die Heilige Maria die Egiptenaar begrawe het.

Op dieselfde dag die Heilige Theonas, wat, ná hy in die klooster van die Pantokrator askese beoefen en later biskop van Tessalonika geword het, in vrede vervolmaak is.

Deur hul heilige gebede, o God, ontferm U oor ons en red ons. Amen.

Die res van die Mettediens en die Wegsending.

**Menaion April 5 Die Heilige Martelare Claudius, Diodorus, Victor, Victorinus, Pappius, Serapion en Nikeforos**

**Die Veranderlike vir die Vesperdiens**

Stigiere van die Martelare - Toon 4 (Ὡς γενναῖον ἐν Μάρτυσιν)

Hoewel jul oë uitgesteek en jul vingers afgekap is,
jul sye met skrapers gekrap en julle opgehang is,
jul beendere verbrysel en julle deur die swaard onthoof is,
het julle een vir een die ledemate en hoof van die bedrieër verbrysel,
nie die Verlosser van almal verloën
en op redelose wyse tot die afgode geoffer nie,
o glorieryke Grootmartelare.

Laat ons naas Claudius ook die glorieryke Nikeforos eer,
asook die eerwaardige Diodoros en Victor,
Victorinus, Pappias en Serapion,
die koor wat sewe in getal was, die alheilige groep,
die volledige gemeente, die menigte
wat deur die swaard van hul manmoedigheid
al die ontelbare demone afgeransel het.

Laat die Martelare verheerlik word,
wat die heilige lyding van Christus nagevolg het
en deur Goddelike genade die lyding van liggaam en siel verdryf het,
die onwankelbare suile,
die ligbakens van die gelowiges,
wat die bedrieër gedood het,
die kalm hawens van stormgeteisterdes,
wat tereg die hoë bewoon.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Theotokion – Toon 4 (Ὡς γενναῖον ἐν Μάρτυσιν)

Laat ons die Maagd en Moeder van die Heer openlik salig noem,
die onbesoedelde tabernakel, die besielde wolk,
die heilige tempel van ons God,
die ondeurganklike brug, die algoue kruik,
die heilige ark, die leer wat boontoe reik,
en die wye ruimte van die Meester.

Of die Kruistheotokion (op Dinsdag- en Donderdagaande)

Toon 4 (Ὡς γενναῖον ἐν Μάρτυσιν)

Toe die Ooilam wat U, die Lam en Herder, gebaar het,
U aan die Kruis sien,

het sy gejammer en moederlik tot U uitgeroep:
“My allergeliefde Seun, hoe is U aan ’n kruishout opgehang?
Hoe is U, o lankmoedige Woord,
in u hande en voete deur wetteloses vasgeslaan,
en hoe het U u bloed uitgestort, o Meester?”

Apolitikion – Toon 4 (Ταχὺ προκατάλαβε)

U martelare, o Here, het deur hul worstelstryd
’n kroon van onsterflikheid van U, ons God, verwerf,
want met u krag het hulle die tiranne onttroon
en die kragtelose vermetelheid van demone verbreek.
Red ons siele, o Christus God, deur hul smekinge.

**April 5 - Die Veranderlike vir die Mettediens**

Kathisma ná die Derde ode van die Kanon (wat nog vertaal moet word)

Toon 4 (Ὁ ὑψωθεὶς ἐν τῷ Σταυρῷ)

Daar julle met ’n onverskrokke gesindheid, o Oorwinnaars,
die velerlei folteringe verduur het,
straal julle met ’n helderheid wat dié van die son te bowe gaan.
Daarom vier ons jul luisterryke gedagtenis,
en smeek ons julle met geloof om deur jul bemiddeling
verlossing van sondes en die genoeë van die ewige goeie dinge te ontvang.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Theotokion – Toon 4 (Ὁ ὑψωθεὶς ἐν τῷ Σταυρῷ)

Ons, u dienaars, o Theotokos,
wat u eerwaardige gawes geniet,
sal nooit in stilte nalaat
om u barmhartighede te besing nie, o Meesteres,
en om uit te roep en te sê: Alheilige Maagd,
verlos ons almal van onsigbare vyande, nood en alle dreiging,
want u is ons hulp.

Of die Kruistheotokion (op Woensdag- en Vrydagoggende)

Toon 4 (Ὁ ὑψωθεὶς ἐν τῷ Σταυρῷ)

“Ek kan dit nie verduur om U wat ek bo die natuur as Seun en God gebaar het,
aan die Kruis uitgestrek te sien nie,”
het u Moeder uitgeroep, o Koning van almal.
“Want ek ken u mensliewendheid,
ek weet dat u ter wille van die verlossing van sterwelinge ly.
Maar ek kan inderdaad nie my moederlike smarte verduur,
wanneer ek U aan die Kruis sien nie, my Kind.”

Sinaksarion

Op die 5de van vandeesmaand die Gedagtenis aan die Heilige Martelare Claudius, Diodorus, Victor, Victorinus, Pappius, Serapion en Nikeforos

Verse. Jy haas jou om op jou knie te kniel, Claudius,
om deur onthoofding na die knie van God te snel.

Op die 5de het ’n moorddadige hand Claudius onthoof.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan ons Heilige Moeder Theodora van Thessalonika.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die Heilige Martelare Theodora en Didymus.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die Heilige Martelaar Thermus.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die Heilige Vroue, ’n meesteres en haar diensmaagd.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die Heilige Martelaar Pompeius.

Op dieselfde dag is die Heilige Zinon vervolmaak, toe hy met pik besmeer, in die vuur gewerp en met ’n spies gesteek is toe hy op die brandstapel was.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die Heilige Martelare Maximus en Terentius.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die vyf jong Martelaresse van Lesbos.

Deur die gebede van u Heiliges, o Christus God, ontferm U oor ons. Amen.

**Menaion April 6 Ons Vader onder die Heiliges Eftichios, Patriarg van Konstantinopel**

**Die Veranderlike vir die Vesperdiens**

By **"Heer, ek het U aangeroep…"** sing ons die volgende stigiere.

Toon 8 (Κύριε, εἰ καὶ κριτηρίῳ)

O Heer, U het Eftichios laat blom in die weide van Goddelike behae
en Hom, deur Goddelike inspirasie, met die waters van u wysheid bevogtig,
en daarom het hy met kennis van U geblom,
en verheug hy deur sy reggelowigheid hulle wat U met geloof verheerlik.

O Heer, U wat harte binnedring en vooraf van die verborge dinge kennis dra,
U het vooruit gesien dat die Hiërarg Eftichios 'n uitverkore werktuig sou wees
en hom as herder van u Kerk aangestel.
Daarom het hy haar op die groen weiveld van reggelowigheid gerig.

O Heer, U het die wyse Hiërarg met u genade getooi,
en, daar U goedhartig is, hom met die kledy van die Hoëpriesterskap laat straal.
Verlig ook ons deur sy gebede met die deugde,
sodat ons U op reggelowige-wyse
met reinheid en eerbaarheid mag besing.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Theotokion - Toon 8 (Κύριε, εἰ καὶ κριτηρίῳ)

O Onbevlekte, wat die Here gebaar het,
Hom wat in die Heilige rus,
reinig my wat op rampsalige wyse deur die hartstogte besoedel is,
en lei my om die weë van reinheid te bewandel,
want u is vir al u dienaars
die beskermster wat nie beskaam nie.

Of die Kruistheotokion (op Dinsdag- en Donderdagaande)

Toon 8 (Κύριε, εἰ καὶ κριτηρίῳ)

"O Heer, ofskoon U u hande uit vrye wil aan die Kruis uitgestrek het,
het U daardeur die Vader se welbehae vervul
deur die lyding te ondergaan.
Want daar U goedhartig is,
het U gekom om sterwelinge te red,"
het die al-onskuldige Theotokos uitgeroep.
Ons verheerlik haar.

Apolitikion – Toon 4

Die waarheid van jou dade het jou aan jou kudde geopenbaar as 'n reël van geloof,

’n beeld van sagmoedigheid en ’n leermeester van selfbeheersing.
Daarom het jy die hoogtes deur nederigheid bereik,
rykdom deur armoede.
O vader en hiërarg Eftichios,
doen voorbidding by Christus God,
dat ons siele gered mag word.

**April 6 - Die Veranderlike vir die Mettediens**

Kathisma ná die Derde Ode van die Kanon (wat nog vertaal moet word)

Toon 3 (Θείας πίστεως)

Met Goddelike krag beklee, o Goddraende,
het jy die verleier van sy mag ontdaan,
terwyl jy buitengewone wonders doen.
Onregverdig van jou kudde verdryf,
het jy verheerlik daarna teruggekeer.
Heilige Vader, smeek Christus ons God
om ons sy groot barmhartigheid te skenk.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Theotokion – Toon 3 (Θείας πίστεως)

Die enige Heer is nie van die Goddelike natuur geskei,
toe Hy in u skoot vlees geword het nie,
maar Hy het God gebly toe Hy mens geword het,
Hy wat u soos voor die geboorte
ná die geboorte as al-onskuldige Maagdelike Moeder bewaar het.
Smeek Hom dringend dat Hy ons sy groot barmhartigheid sal skenk.

Of die Kruistheotokion (op Woensdag- en Vrydagoggende)

Toon 3 (Θείας πίστεως)

“U wat alle goedheid te bowe gaan,
is nie van die Goddelike Natuur geskei nie,
ook al het U die vrywillige lyding ondergaan,
maar toe U in die vlees gekruisig is,
het U as God die hele ondermaanse geskud,”
het die Theotokos in trane uitgeroep.
Laat ons haar as die enige Moeder van God besing,
terwyl ons vra om sy groot barmhartigheid te ontvang.

Sinaksarion

Op die 6de van vandeesmaand die Gedagtenis aan ons Vader onder die Heiliges, Eftichios, Patriarg van Konstantinopel.

Verse. Terwyl ek Eftichios met my woorde eer,
ag ek myself as baie gelukkig.

Op die 6de gaan die hemelpoort vir die siel van Eftichios oop.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die 120 martelare van Persië.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die Heilige Platonis.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die twee Martelare wat in Askalon tot by die heup begrawe is en vervolmaak is.

Deur hul heilige gebede, ons God, ontferm U oor ons. Amen.

## Menaion April 7 Die Heilige Martelaar Kalliopios & ons Heilige Vader Joris, Metropoliet van Mitilene

### Die Veranderlike vir die Vesperdiens

Toon 8 (Ὢ τοῦ παραδόξου θαύματος)

O glorieryke, seëvierende Martelaar,
om Christus ons God se ontwil
het jy folteringe wat met vele smarte gepaard gaan,
en martelinge van die liggaam baie standvastig verduur,
jou stryd met vreugde voltooi,
en jou krone van heerlikheid bekom,
terwyl jy vir almal wat jou heilige gedagtenis reggelowig en getrou vier,
om versoening en barmhartigheid vra.

O Al-wonderbare beroemde Martelaar en Stryder,
toe jy om Christus, wat die Kruis verduur het, se ontwil gekruisig is,
het jy van die Almagtige God uit die hemel
’n eerwaardige stem gehoor wat jou na die wonings aldaar nooi.
Toe jy daar kom, het jy as oorwinnaar jou beloninge ontvang.
Daarom loof ons jou en noem ons jou salig.

Brandend met liefde vir God, o Stryder,
het jy die vuur wat op jou heilige liggaam aangewend is,
deur die dou van die Gees geduldig verduur
en daardeur is jy as baie helder fakkel geopenbaar
wat alle dwaling van die veelgodedom verbrand.
Daarom vier ons almal tereg vandag jou heilige gedagtenis
en noem ons jou salig.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Theotokion – Toon 8 (Ὢ τοῦ παραδόξου θαύματος)

Daar u die lig gebaar het wat nie ondergaan nie, o Meesteres,
verlig my wat uit eie wil
deur alle dwaasheid verduister is, nou met u glans
en maak die teken van u lig oor my,
sodat ek heeltemal onaantasbaar vir die wolwe mag wees,
deur u behoed mag wees,
en veilig op die weg na God gelei mag word, o eerwaardige.

Of die Kruistheotokion van die Martelaar (op Dinsdag- en Donderdagaande)

Toon 8 (Ὢ τοῦ παραδόξου θαύματος)

O Jesus, die son het gesidder
toe dit U uit vrye wil aan die Kruis uitgestrek sien,
die aarde het geskud, die rotse het geskeur,

die grafte het in vrees oopgegaan, al die magte was verbaas,
en sy wat U sonder ervaring van ’n man gebaar het,
het, toe sy U aanskou, met geweeklaag uitgeroep:
“Wee my, wat is die gesig?”

Apostiga van die Hiërarg

Toon 1 (Πανεύφημοι Μάρτυρες)

O alwyse Vader Joris,
met eerbied het jy die eerwaardige, onbevlekte ikoon van Christus vereer
en deur sy krag versterk,
het jy die vermetelheid van hulle wat teen God stry, hoegenaamd nie gevrees nie.
Smeek Hom nou dat ons siele vrede
en sy groot barmhartigheid geskenk mag word.

O glorieryke Vader Joris,
jy het die woede van die goddeloses
wat op onbesonne wyse oormoedig geraak het, verduur.
Jy het gesien hoe hulle in hul goddelose oormoed verhef is
en weer verskriklik verbrysel is,
toe die Voorsienigheid Hom baie duidelik vir vergelding teen die dwases beweeg het.

O Vader Joris,
daar jy ’n medewerker van God geword het,
het jy as priester en landbouer
die siele van hulle wat deur jou woord gered is,
as honderdvoudige vrug aan die Meester opgedra.
Smeek Hom ook nou
dat die Ortodokse Kerk deur dogmas van die waarheid versterk mag word.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Theotokion van die Hiërarg – Toon 1 (Πανεύφημοι Μάρτυρες)

O Maria, die onskuldige tuig
wat in reinheid alle verstand te bowe gaan,
rig deur u almagtige beskerming
my wat deur baie sondes beklem en benou word,
na die wydte van bekering.
Want u kan dit doen,
daar u die Moeder is van Hom wat alles kan doen.

Of die Kruistheotokion van die Hiërarg (op Dinsdag- en Donderdagaande)

Toon 1 (Πανεύφημοι Μάρτυρες)

Toe die Ooilam en onskuldige Meesteres haar eie Lam
sonder skoonheid of gestalte aan die Kruis sien,

het sy geweekla en gesê: “O wee my!
Waar het u skoonheid weggesak, o Allerdierbare?
Waar is u majesteit?
Waar is die stralende bekoorlikheid van u gestalte, o my algeliefde Seun?”

Apolitikion van die Martelaar Kalliopius – Toon 4 (Ταχὺ προκατάλαβε)

U martelaar, o Here, het deur sy worstelstryd
’n kroon van onsterflikheid van U, ons God, verwerf,
want met u krag het hy die tiranne onttroon
en die kragtelose vermetelheid van demone verbreek.
Red ons siele, o Christus God, deur sy smekinge.

Apolitikion van die Hiërarg Joris – Toon 4 (Κανόνα πίστεως)

Die waarheid van jou dade het jou aan jou kudde geopenbaar as ’n reël van geloof,
’n beeld van sagmoedigheid en ’n leermeester van selfbeheersing.
Daarom het jy die hoogtes deur nederigheid bereik,
rykdom deur armoede.
O vader en hiërarg Joris,
doen voorbidding by Christus God,
dat ons siele gered mag word.

**April 7 - Die Veranderlike vir die Mettediens**

Kathisma van die Martelaar Kalliopios – Toon 4 (Ταχὺ προκατάλαβε)

Waar jy met ’n onwankelbare gees aan ’n kruis verhef is,
het jy Christus se verlossende lyding goed uitgebeeld, o wyse Stryder.
Daarom vier ons jou ligdraende, heilige gedagtenis met geloof,
terwyl ons vra om deur jou versoening van ons oortredinge
en groot barmhartigheid te ontvang.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Theotokion – Toon 4 (Ταχὺ προκατάλαβε)

O Meesteres, verhoor u dienaar
wat uit ’n geteisterde siel tot u roep
en skenk my vergewing van my booshede van weleer,
want ek roep u dag en nag aan.
Red my van die hellevuur, o Theotokos,
en plaas my aan die regterhand van u Seun en God.

Of die Kruistheotokion (op Woensdag- en Vrydagoggende)

Toon 4 (Ταχὺ προκατάλαβε)

O geseënde, al-onskuldige Maagd, Moeder van Christus ons God,
’n swaard het u alheilige siel deurboor,
toe u u Seun en God sien waar Hy uit vrye wil gekruisig word.
Hou nie op om Hom te smeek
dat Hy ons vergewing van oortredinge sal skenk nie.

Kathisma van die Hiërarg – Toon 8 (Τὴν Σοφίαν καὶ Λόγον)

Ná jy deur die hoogte van jou nederigheid beroemd geword het,
het jy die waan van die vyand volkome tot niet gemaak
en jou op luisterryke wyse as held gedra.
En daar jy barmhartig was, Heilige Vader,
het jy die behoeftiges van oorvloedige middele voorsien.
Daarom het jy ná jou dood die ewige weelde beërwe
en verheug jy jou tot in ewigheid, o Hiërarg Joris.
Bid tot Christus ons God
dat Hy vergewing van oortreding sal skenk
aan hulle wat jou heilige gedagtenis met liefde vier.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Theotokion – Toon 8 (Τὴν Σοφίαν καὶ Λόγον)

Omdat ek in veelsoortige versoekinge verval het

vanweë sienlike en onsienlike vyande,
word ek deur die deining van my ontelbare oortredinge gekwel.
En ek haas my na die hawe van u goedheid,
as my vurige hulp en beskutting.
Pleit daarom, o Alheilige,
by Hom wat sonder saad uit u vlees aangeneem het,
ten behoewe van al u dienaars wat u sonder ophou besing,
en bid met vrymoedigheid tot Hom, o Onbevlekte,
dat Hy vergifnis van oortredinge mag skenk
aan hulle wat u alheilige Kind, soos gepas, aanbid.

Of die Kruistheotokion (op Woensdag- en Vrydagoggende)

Toon 8 (Τὴν Σοφίαν καὶ Λόγον)

Toe die Ooilam die Lam, Herder en Verlosser aan die Kruis sien,
het sy met trane gekreun en bitterlik uitgeroep:
“Die wêreld verheug hom omdat dit verlossing ontvang,
maar my binneste brand omdat ek u kruisiging aanskou,
wat U vanweë u innige medelye verduur,
o God wat alle goedheid te bowe gaan, lankmoedige Heer.”
Laat ons met geloof tot haar roep:
Betoon medelye aan ons, o Maagd
en skenk daarom vergifnis van oortredinge
aan hulle wat sy heilige lyding met geloof vereer.

Sinaksarion

Op die 7de van vandeesmaand die Gedagtenis aan die Heilige Martelaar Kalliopios.

Verse. Kalliopios wat onderstebo aan ’n kruis vasgeslaan is,
verheerlik die Woord wat regop daaraan vasgeslaan is.

Op die 7de het Kalliopios die ewige lewe gevind.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan ons Vader onder die Heiliges, Joris, Biskop van Mitilene.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die Heilige Martelaar Rufinus, die Diaken.

Op dieselfde dag is die Heilige Martelares Aquilina, wie se hande agter haar rug vasgebind is en wie se maag geskroei is, vervolmaak.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die 200 Heilige Martelare wat in Sinope deur die swaard vervolmaak is.

Deur die gebede van u Heiliges, o God, ontferm U oor ons. Amen.

Die res van die Mettediens en die Wegsending.

**Menaion April 8 Die Heilige Apostels van die Sewentig Herodion, Agabus, Rufus, Asynkritus, Flegon en Hermes.**
**Die Veranderlike vir die Vesperdiens**

By "Heer, ek het U aangeroep…" sing ons die volgende stigiere vir die Apostels.

Toon 4 (Ὡς γενναῖον ἐν Μάρτυσιν)

Soos gevleuelde arende het julle die hele aarde deurloop,
jul eerwaardige leringe gesaai,
deur genade die onkruid van dwaling afgekap
en 'n vrug met 'n groot opbrengs verbou, o Alsaliges,
wat vir ewig in die noëtiese skure gehou word,
waar dit op heerlike wyse deur die onsterflike Landbouer bewaar word.

Laat ons Herodion, Agabus, Asynkritus,
Rufus, Hermes en Flegon salig noem,
wat baie vrugbare lote van die wingerdstok is
en vir ons die heilbrengende soetigheid laat drup
wat die dorstige harte verbly
van hulle wat met geloof en in waarheid
hul eerwaardige gedagtenis vier.

Verhewe van gees, het julle hemele geword
en verkondig julle die heerlikheid van ons God
wat uit eie wil vlees geword het,
o ooggetuie Apostels, gidse van die reggelowiges,
fondamente van die Kerk, onwankelbare vestings,
hawens van reggelowigheid,
dienaars van die onsegbare misteries
en ligbringers vir ons siele.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Theotokion - Toon 4 (Ὡς γενναῖον ἐν Μάρτυσιν)

As ongeskonde, reine en al-onskuldige Moeder van God,
weergaloos in alle heiligheid,
verstoot my die skuldbelade en onreine nie,
die uitvinder van elke wettelose skandelikheid en aaklige onderneming;
laat my nie toe om heeltemal ten gronde te gaan nie,
maar bevry my van die hartstogte
en red my waar ek my bekeer.

Of die Kruistheotokion (op Dinsdag- en Donderdagdaande)

Toon 4 (Ὡς γενναῖον ἐν Μάρτυσιν)

Hy wat bo begrip uit u binneste vlees aangeneem het,
het Hom oor u ontferm en medelye met u gehad,

toe u baie bitterlik geween en geweekla het, o Alreine;
Hy het dou op u laat drup en u as Seun toegeroep:
“Hou op ween, Moeder, want Ek het uit vrye wil gely,
en Ek sal sterf, o Maagd,
maar Ek sal opgewek word,
om hulle wat u met eerbied groot maak, te verheerlik.”

## Apolitikion – Toon 3

O Heilige Apostels,
bid tot die barmhartige God,
dat Hy ons siele vergewing van oortredinge sal skenk.

**April 8 - Die Veranderlike vir die Mettediens**

Kathisma van die Heilige Apostels na die Derde Ode van die Kanon (wat nog vertaal moet word)

Toon 1 (Τὸν τάφον σου Σωτὴρ)

Daar julle strale van die noëtiese Son geword het,
verhelder julle die aarde met die strale van jul woorde
en verdryf julle deur genade die duisternis van onkunde.
Verhelderd noem ons julle daarom vandag salig
tydens jul stralende gedagtenis,
o liggewende verkondigers van God.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Theotokion - Toon 4 (Τὸν τάφον σου Σωτὴρ)

Die Regter nader, die einde is voor die deur;
ontwaak, o my siel,
kreun en roep uit die diepte van jou hart
tot die Moeder van ons God:
Bevry my van die vreeswekkende folteringe
en wys my ’n plek aan in die plek van rus,
o al-onbevlekte Meesteres.

Of die Kruistheotokion (op Woensdag- en Vrydagoggende)

Toon 1 (Τὸν τάφον σου Σωτὴρ)

Toe die Ooilam U, die Lam, tussen die boosdoeners
aan die Kruis sien hang, o Christus,
het sy met trane uitgeroep en bitterlik gejammer:
“O my allergeliefde Kind, wat is hierdie vreemde gesig?
En U het geantwoord: “O Moeder wat geen eggenoot het nie,
dit sal as die lewe van die hele wêreld erken word.”

Sinaksarion

Op die 8ste van vandeesmaand die Gedagtenis aan die Heilige Apostels onder die Sewentig, Herodion, Agabus, Rufus, Flegon, Asynkritus en Hermes.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan ons Vrome Vader Celestinus, Pous van Rome.

Op dieselfde dag is die Heilige Nuwemartelaar Johannes die Skipper wat in die jaar 1669 as martelaar getuienis afgelê het, deur vuur vervolmaak.

Die heilige Pausilypos wat in vrede vervolmaak is.

Deur hul heilige gebede, o God, ontferm U oor my.

Die res van die Mettediens en die Wegsending.

**Menaion April 9 Die Heilige Martelaar Efpsichios van Caesarea**

**Die Veranderlike vir die Vesperdiens**

Toon 8 (Οἱ Μάρτυρές σου Κύριε)

Toe die alwyse Efpsichios met die swaard getref is,
het hy die dwaas wat deur grootpratery meegevoer is,
met groot skaamte vervul
en is hy jubelend by die hemelse leërskare getel.
Skenk deur sy smekinge, o Heiland,
aan almal u groot barmhartigheid.

Die glorieryke Efpsichios
het 'n suil van die kerk geword,
'n onwankelbare vesting van reggelowigheid
en 'n vernietiger van die vyand,
wat soos uit 'n fontein genesing laat opwel
vir alle siekes wat hul na hom haas.
Skenk deur sy smekinge, o Goedhartige,
aan almal u groot barmhartigheid.

O moedige wyse Martelaar,
jy het elke gees welriekend gemaak
deur die soete geure van jou stryd,
die stank van dwaling laat afneem
en soos 'n son tot aan die eindes van die aarde gestraal,
terwyl jy bid dat almal heil en groot barmhartigheid geskenk mag word.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Theotokion – Toon 8 (Οἱ Μάρτυρές σου Κύριε)

O Reine Moeder van God wat die verlossende Woord gebaar het,
red u dienaars van die beproewinge van die strydlustige vyand,
verlig ons sintuie en rig ons voetstappe op die heilsweë,
sodat ons u almal, o Maagd, met geloof mag verheerlik.

Of die Kruistheotokion (op Dinsdag- en Donderdagaande)

Toon 8 (Οἱ Μάρτυρές σου Κύριε)

O Enig Mensliewende,
toe sy wat U gebaar het, U aan die Kruis vasgeslaan sien,
het sy jammerend trane laat stroom
en uiters verbaas oor u buitengewone goedheid en medelye met die mens,
besing sy u lankmoedigheid, o Hooggoedhartige.

Apolitikion – Toon 4 (Ὁ Μάρτυς σου Κύριε ἐν τῇ ἀθλήσει αὐτοῦ)

U martelaar, o Here, het deur sy worstelstryd
’n kroon van onsterflikheid van U, ons God, verwerf,
want met u krag het hy die tiranne onttroon
en die kragtelose vermetelheid van demone verbreek.
Red ons siele, o Christus God, deur sy smekinge.

**April 9 - Die Veranderlike vir die Mettediens**

Kathisma ná die die Derde Ode van die Kanon (wat nog vertaal moet word)

Toon 1 (Τὸν τάφον σου Σωτὴρ)

Moedig het jy die goeie stryd volvoer, o Martelaar,
die strydlustige vyand oorwin
en as beloning van God jou wonderwerke ontvang.
Daarom noem heel die Kerk van die Gelowiges
jou vandag eendragtig salig, o Efpsichios.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Theotokion – Toon 1 (Τὸν τάφον σου Σωτὴρ)

O Sterwelinge, verheug julle saam met die Moeder van die Heer,
prys haar, magte van die hemele,
verheerlik die onbevlekte, julle wat oor die aarde heers,
kom, al die skares wat graag die feeste vier.
Laat ons ons in die geloof verheug
en eendragtig "Verheug u" vir die Theotokos sê.

Of die Kruistheotokion (op Woensdag- en Vrydagoggende)

Toon 1 (Τὸν τάφον σου Σωτὴρ)

"O die nuwe wonder!
O die huiweringwekkende misterie!"
het die reine, al-onskuldige Maagd uitgeroep
toe sy die Heer aan die Kruis uitgestrek sien;
Hy wat heelal in sy hand dra
word soos 'n misdadiger
deur wettelose regters tot 'n Kruis veroordeel.

Sinaksarion

Op die 9de van vandeesmaand, die Gedagtenis aan die Heilige Martelaar Efpsichios van Caesarea.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die Heilige Badimos, die archimandriet, en sy sewe dissipels.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die Heilige Martelare wat in gevangenskap in Persië vervolmaak is.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die nuut-geopenbaarde, wonderdoenende monnike en Martelare Rafael en Nikolaas en die heilige maagd en Martelares Irene en diegene saam met hulle wat in 1463 by die Heilige Klooster van Karyes op die

eiland Lesbos as martelare getuienis afgelê het en in die jaar 1959 op wonderbaarlike wyse geopenbaar is.

Op dieselfde dag die Heilige Audiësis wat deur die swaard vervlomaak is.

Deur hul heilige gebede, o God, ontferm U oor ons.

**Menaion April 10 Die Heilige Martelare Terentius, Africanus, Maximus, Pompeius en hul metgeselle.**

**Die Veranderlike vir die Vesperdiens**

Stigiere van die Martelare – Toon 4 (Ὡς γενναῖον ἐν Μάρτυσιν)

’n Menigte Stryders, met baie name,
het baie standvastig veelvuldige folteringe verduur
en is vreugdevol oorgebring na ons enige God,
om saam met ontelbare Heilige Liggaamloses te jubel,
daar hulle deur hul edelmoedige weerstand
en die genade van die Gees
die draak se talle tienduisende oorwin het.

Laat die luisterryke Maximus, die grote Terentius,
die beroemde Pompeius, Makarios en die allerheilige Africanus
met liedere vereer word
en saam met hulle ook die oorblywende lys van Martelare,
wat die hemelse koninkryk met hul eie bloed gekoop het
en met ewige heerlikheid vervul is.

Nóg honger nóg gevaar,
nóg lewe nóg dood
kon julle, o Glorierykes,
van die Skepper se liefde skei.
Daarom het julle die koninkryk van die hemele beërwe,
asook onuitputlike behae en vreugde wat geensins ophou nie.
Maar vra ook vrygewig om versoening en groot barmhartigheid vir ons.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Theotokion - Toon 4 (Ὡς γενναῖον ἐν Μάρτυσιν)

Ek smeek en bid u, o Meesteres,
as bron van heiliging,
as algoue ark wat deur die Heilige Gees glansend straal,
verlig my armsalige siel wat aan die hartstogte uitgelewer is,
red my van die bitter tirannie van die demone
en skenk my die heilsweg deur u gebede.

Of die Kruistheotokion (op Dinsdag- en Donderdagaande)

Toon 4 (Ὡς γενναῖον ἐν Μάρτυσιν)

Toe u al-onskuldige, veelbesonge Moeder U sien,
waar U soos ’n Lam na u vrywillige slagting gelei word,
het sy met trane uitgeroep:
“Wat is hierdie vinnige looppas?

Waar gaan U heen, o Allergeliefde?
Ek sal my saam met U haas,
ek sal saam met U sterf, o Woord.
Laat my, wat U sonder saad gebaar het,
nie alleen en kinderloos agter nie.

Apolitikion  van die Martelare – Toon 5

Die hemelse magte het hulle uitermate verwonder
oor wat die heilige Martelare vermag het,
dat hulle deur die krag van die Kruis
in ’n sterflike liggaam goed teen die liggaamlose vyand gestry
en hom op onsienlike wyse oorwin het,
en nou bid hulle tot die Heer
dat Hy Hom oor ons siele mag ontferm.

**April 10 - Veranderlike vir die Mettediens**

Kathisma ná die Derde Ode van die Kanon (wat nog vertaal moet word)

Toon 8 (Τὴν Σοφίαν καὶ Λόγον)

Nadat die Stryders vir hulself purperklede met hul eie bloed gekleur het,
is hulle nou met hul littekens getooi aan Christus opgedra,
waar hulle met die lig van drie-sonnige heerlikheid beskyn word
en ons wat hulle salig noem, verlig.
Terwyl ons hul ligdraende en eerwaardige gedagtenis vier,
ontvang ons daarom genadegawes van genesing.
Laat ons met geloof tot hulle uitroep:
O dapperes, bid tot Christus, dat vergifnis geskenk mag word
aan hulle wat jul al-luisterryke gedagtenis besing en vier.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Theotokion - Toon 8 (Τὴν Σοφίαν καὶ Λόγον)

Die Meester en Skepper van almal
het u as beskermster van die mensdom getoon,
ná Hy uit u onbevlekte skoot vlees aangeneem het, o Al-onskuldige.
Daarom neem ons almal ons toevlug tot u,
en vra om versoening van oortredinge, o Meesteres,
en dat ons verlos mag word van ewige foltering
en alle boosheid van die aaklige wêreldheerser,
sodat ons met geloof tot u mag roep:
Bid tot u Seun en God
dat vergewing van oortredinge geskenk sal word
aan hulle wat u met liefde en geloof besing, o Albesongene.

Of die Kruistheotokion (op Woensdag- en Vrydagoggende)
Toon 8 (Τὴν Σοφίαν καὶ Λόγον)

"Die Dissipelkoor het uit vrees weggekruip,
u kennisse staan nou ver weg,
en ek alleen word gekwel en verwond deur droefheid,
waar ek u onregverdige doding aanskou, my Kind,"
het die Maagd gesê, terwyl sy haar gesig gekrap.
Kom, hele skepping, nou deur skrik bevange,
ly en treur saam met die Moeder van jou Heer
en roep met vrees uit:
Eer aan U, die Skepper van almal,
omdat U, wat die goeie te bowe gaan, vrywillig ly
en uit vrye wil gekruisig word om die mens te verlos.

Sinaksarion

Op die 10de van vandeesmaand, die Gedagtenis aan die Heilige Martelare Terentius, Afrikanus, Maximus, Pompeius en 36 ander, waaronder die salige Zinon, Alexander en Theodorus was.

Verse. Wat is die beloning vir Terentius se onthoofding?
Dit waaraan die oog, oor en hart nie gedink het nie.

Laat ons sien hoeveel stryders hulle onthoof het.
Vier tientalle, en nog baie ander ook.

Op die 10de is Terentius se lugpyp afgesny.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die Heilige Profetes Hulda.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die Heilige Martelare, Jakobus die presbiter en Aza die diaken.

Die Heilige Nuwemartelaar Dimos wat in 1363 in Smirna as martelaar getuienis afgelê het en deur die swaard vervolmaak is.

Deur die gebede van u heiliges, o Christus God, ontferm U oor ons.